# GEOGRAFIE GRAAD 4 KWARTAAL 1

## MENSE EN PLEKKE

- Mense woon op verskillende plekke.
- Sommige mense woon op plase ander op klein of groot dorpe.
- Baie mense woon in groot stede.
- ’n Plek waar ’n groep mense woon word ’n **nedersetting** genoem.
- Alle plase dorpe en stede is nedersettings.

## PLEKKE OM IN TE WOON: PLAAS, NEDERSETTING, DORP, STAD



- ’n **Plaas** is ’n plek met grond waarop mense gewasse kweek en diere aanhou.
- Daar is net ’n paar geboue op ’n plaas.
- Sommige geboue is vir die mense en ander vir diere.
- Daar is groot plase en klein plasies.



- ’n **Dorpie** is ’n klein nedersetting.
- ’n Dorpie het huise of hutte waarin mense woon.
- Sommige dorpies het ander geboue, soos ’n winkel of skool, polisiekantoor of ’n kerk.
- Daar kan soms skole wees.
- Meeste mense loop tussen plekke in ’n dorpie.



- ’n **Dorp** is groter as ’n dorpie, ’n dorp het meer strate, huise en winkels as ’n dorpie.
- ’n Dorp het ander geboue soos ’n polisiestasie, banke en skole.



- ’n **Stad** is groter as ’n dorp.
- Daar is baie winkels, kantore en besige strate.
- Daar is baie mense in ’n stad.
- Stede het groot hospitale en ’n lughawe.
- Soms is daar fabrieke, groot paaie en spoorweë.




Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## KAARTVAARDIGHEDE


### SYAANSIGTE EN PLANAANSIGTE

- ’n Syaansig is wat jy sien wanneer jy van die kant af na iets kyk.
- Planaansig (boaansig) – om ‘n voorwerp van bo af te sien.
- Die prente hieronder wys twee aansigte van ’n dorpie.
- Die aansig van die kant af word ’n syaansig genoem.
- Aansigte van bo af word planaansigte genoem.






Sy-aansig



Planaansig (Bo-aansig)



Sy-aansig

Planaansig

### TEKENS, SLEUTELS EN KAARTE

**WOORDBANK**

- **KAART:** ‘n Eenvoudige tekening van ‘n plek wat die land van bo af wys.
- **SLEUTELS:** ‘n Blok langs ‘n kaart wat die betekenis van die simbole verduidelik.
- **TEKENS:** Eenvoudige prente of letters wat iets anders beteken.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## MENSE EN KOS

### DIE KOS WAT MENSE EET

- Almal het kos nodig om te leef.
- Ons eet verskillende soorte kos.
- Mense kry kos op veskillende maniere soos:
  - Om kos te koop
  - Om kos te verbou, diere aan te hou.
  - Om wilde kos uit die natuur te kry.

### MANIERE VAN BOERDERY

**WOORDBANK**

- **BESTAANSBOERE:** Mense wat kos verbou en diere aanhou om hulle families te voed.
- **KOMMERSIëLE PLASE:** Groot plase wat kos produseer om te verkoop.

### BOER VIR JOUSELF EN JOU FAMILIE

- Party mense verbou kos en hou diere aan om hulleself en hulle families te voed.
- Ons noem hierdie boere bestaansboere.

### BOERDERY MET GEWASSE EN DIERE OM TE VERKOOP

- Party plase verbou kos om te verkoop.
- Hierdie soort plase word kommersiële plase genoem.
- Kommersiële plase is groot plase
- Kommersiële boere doen slegs een of twee dinge.
  Bv. Hulle verbou een gewas (soos bone, mielies, kool ens), of hou net een soort dier aan.
- Kommersiële boere verkoop die kos wat hulle plase produseer.
- Hulle gebruik die geld om die dinge te koop wat hul benodig om te lewe.

### OM KOS IN DORPE EN STEDE TE VERBOU

**WOORDBANK**

- **GROENTETUIN:** 'n klein stukkie grond waar mense verskillende groente verbou.

SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## GEBRUIKE VAN WATER

### DAAGLIKSE GEBRUIKE VAN WATER

- Mense gebruik water elke dag.
- Mense gebruik water op verskillende maniere.
  Bv. bad, drink, tandeborsel, in kos, skottelgoed te was, wasmasjien, toilet en om dit te kook.

### ANDER GEBRUIKE VAN WATER

- Plase gebruik water om hulle gesaaides te laat groei.
- Kragstasies gebruik water om elektrisiteit op te wek.
- Ons gebruik water vir plesier.
  - Bv. die see en 'n swembad.
- Fabrieke gebruik water om dinge te maak.
- Myne gebruik water om die boormasjiene koel te hou.
- Ons gebruik water om die tuin nat te maak.

### WATER AS HULPBRON

**WOORDBANK**

- **DAMME:** Nagemaakte mere wat deur mense gebou is.
- **HULPBRON:** Iets wat ons nodig het en gebruik.
- **MEER:** 'n Area op land met vars water.
- **OSEANE:** Groot areas met soutwater.
- **SEE:** Kleiner areas met soutwater.
- **SOUTWATER:** Water in die oseane en see.
- **STROME:** Klein riviere.
- **VARS WATER:** Water wat mense en diere kan drink.

### SOUTWATER EN VARS WATER

- Die water in die oseane en see is soutwater.
- Die water in die meeste riviere en mere is vars water.
- Meeste van die water op aarde is soutwater.
- Mense kan nie soutwater drink nie.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

# GESKIEDENIS GRAAD 4 KWARTAAL 1

## PLAASLIKE GESKIEDENIS




## HOE ONS OOR DIE HEDE IN 'n PLAASLIKE OMGEWING UITVIND

- Inligting kom van prente, geskrifte , mense en voorwerpe.

**WOORDBANK**

- **PLEKKE VAN AANBIDDING:** Godsdienstige plekke , soos kerke , tempels en moskees.
- **VOORWERPE:** Iets wat jy kan sien en aan kan vat.

## PLAASLIKE GESKIEDENIS

- Die plaaslike omgewing is die buurt waarin jy woon.
- Bv jou skool, jou huis, bushaltes, taxistaan plekke, plekke van aanbidding, winkels ens.
- Ons kan inligting uitvind in ons plaaslike omgewing deur :
  - Prente
  - Geskrifte
  - Mense
  - Voorwerpe
-




SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## DIE LEWENSVERHAAL VAN NELSON MANDELA



- Nelson Mandela is ‘n beroemde leier.
- Die mense het sy leierskap raakgesien.
- Nelson Mandela het ‘n boek oor sy lewe geskryf wat “***Lang Pad Na Vryheid”*** genoem is.
- Nelson Mandela is gebore op 18 Julie 1918 in Mvezo, ‘n klein dorpie aan die oewer van die Mbasherrivier naby Mthatha in die Transkei.
- Nelson Mandela word Madiba genoem omdat hy ‘n lid van die Madiba-stam is.
- Die stam is vernoem na ‘n Thembu-leier wat ‘n 100 jaar voor Nelson Mandela gebore is , in die Transkei regeer het.
- Madiba is Nelson Mandela se stamnaam.
- Madiba is ‘n teken van respek.
- Nelson Mandela het skoolgegaan in ‘n dorpie Qunu in die Transkei op laerskool.
- Nelson Mandela se eerste skooldag is die eerste keer wat hy sonder sy tradisionele Xhosa-kombers geloop het.
- Sy onderwyser, Mev. Mdingane het hom die Engelse naam van Nelson gegee wat hy by die skool moes gebruik .
- Nelson se regte naam is **Rolihlahla.**

## WAT WAS NELSON MANDELA SE EERSTE WERK?

- Hy was ‘n prokureur.
- Oliver Thambo het saam Nelson Mandela gewerk.
- Hulle het mense in Suid-Afrika gehelp wat swaar gekry het as gevolg van onregverdige wette.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

# GESKIEDENIS KWARTAAL 3 GRAAD 4

## DIE EERSTE FIETS

- Die eerste fiets is ongeveer 200 jaar gelede uitgevind.
- Dit was van hout gemaak , en het geen pedale gehad nie.
- Die fietsryer het die fiets met sy voete op die grond gestoot.





## DIE LEWERSKUDDER

- Die fiets was so ongemaklik dat mense dit die "lewerskudder" genoem het.
- Die fiets was van hout gemaak en het metaalbande en metaalpedale gehad.
- Die fietsryer het die pedale gestoot om die fiets te laat beweeg.

## HOOGWIELFIETSE

- Hierdie fietse het een groot wiel en een klein wiel gehad.
- Die bekendste hoogwielfiets is die "Penny Farthing" genoem.
- Hierdie fietse was baie gevaarlik om te ry.
- Fietsryers het gereeld afgeval en hulself seergemaak.





## DIE VEILIGHEIDSFIETS

- Die veiligheidsfiets was baie veiliger  as die hoogwielfietse.
- Dit het meer gelyk soos die fiets wat ons vandag ken.
- Die pedale was aan 'n ketting vas wat die agterste wiel gedraai het.
- Die het rubberbande en remme gehad.
- Die fietsryer kon die fiets stuur deur die struurstang of handvatsels te beweeg.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

# GESKIEDENIS KWARTAAL 4 GRAAD 4

## DIE OUDSTE VORME VAN KOMMUNIKASIE

**WOORDBANK**

- **KOMMUNIKEER EN KOMMUNIKASIE:** 'n Manier om 'n boodskap te stuur.

## KOMMUNIKASIE

'n paar maniere om te kommunikeer:

- Taal
- Simbole
- Sang
- Dans en beweging
- Briewe skryf.
- (Whatsapp)

### TAAL

- Wanneer ons praat, gebruik ons taal.
- Taal is 'n baie belangrike manier van kommunikasie.
- Mense gebruik taal om goed vir mekaar te sê.
- Daar is ongeveer 7000 tale in die wêreld.

### SIMBOLE

- Simbole is prente , vorms of letters wat 'n boodskap kommunikeer.

### KUNS





- Party mense kommunikeer deur te teken of te skilder.
- Kuns is die oudste vorm van kommunikasie wat ons kan sien.

SAMPLE